Sondag **19 Mei**

**Skrifgedeelte: Psalm 135**

**Fokusgedeelte: Psalm 135:3-6**

## Prys die Here wat alles doen wat Hy wil!

Hierdie Psalm begin en eindig met ’n oproep om die Here te loof en te prys. Die hoofrede waarom die Here geprys moet word, is omdat Hy alleen God is en daarom ook kan doen wat Hy wil. Die psalm noem dan drie bewyse dat die Here kan doen wat Hy wil.

- Die eerste bewys is die Here se optrede in die natuur. Hy toon sy mag in die skepping. Hy laat wolke opkom, Hy maak weerligstrale, Hy bring wind tevoorskyn. Net die Here kan dit doen en geen afgod kan Hom dit nadoen nie!
- Die tweede bewys is sy optrede in die geskiedenis van sy volk. Hy het hulle uitgekies en uitgered, en in die proses magtige volke en konings die onderspit laat delf. Hy, die lewende God, verbind Hom aan mense! Net die Here kan dit doen en geen afgod kan Hom dit nadoen nie!
- Die derde bewys is die feit dat Hy magtiger is as enige afgod. Hy is die enigste ware, almagtige God! Die afgode kan nie eens praat of sien of hoor of asemhaal nie. Daarteenoor kan God doen wat Hy wil, selfs in die natuur en ook in die lewe van sy volk!

As Nuwe-Testamentiese gelowiges kan ons dus die Here loof wat doen wat Hy wil. In Christus het Hy ons uitverkies en verlos, en só bewys dat Hy die enigste ware en almagtige God is. Hy is altyd daar vir ons en ontferm Hom tot in ewigheid oor ons. Ja, ons het genoeg redes om God te loof en te prys!

*Sing: Psalm 135-1:2, 3*

*Dr. HPM (Malan) van Rhyn (Pretoria-Noord)*